**6 Februarie**
**Skrifgedeelte: Hooglied 2:8-17**
**Fokusgedeelte: Hooglied 2:16a**

**Ware liefde gee sekerheid aan gelowiges**

Mense skryf vandag baie sentimentele liedjies oor die liefde, soms met lekker polsende ritmes en wysies en meestal met woorde wat stroperig klink. Hooglied is ’n diep lied oor die aangrypende liefde tussen man en vrou wat God aan hulle gegee het. In die liedjie in ons Skrifgedeelte is die toneel die pragtige natuur in die lentetyd. Die jongman mis sy verloofde, want sonder haar maak die kleur van blomme en die klanke van die tortelduif hom seer. Op haar beurt is sy in afwagting op hom, daarom roep sy, “... kom na my toe!” Al verlang ’n gelowige paartjie wat mekaar liefhet, na mekaar, kry hulle as gelowiges sekerheid uit hulle liefde. Sy is oortuig van die egtheid van sy liefde, asook van haar eie liefde (vers 16a): “Die man wat ek liefhet, is myne, en ek is syne!” God plaas die verlange, die hunkering van ’n gelowige paartjie in hulle en Hy alleen kan sorg dat hulle al hoe meer verseker word van hulle liefde vir mekaar.
Alleen wanneer albei aan Christus gebind is, kan die liefde tussen man en vrou eg wees. God die Heilige Gees stort egte liefde in elkeen se hart uit en Hy hou verhoudinge in stand. Man en vrou moet dus voortdurend bid dat hulle vervul mag word met die Heilige Gees. Dan sal hulle liefde nie vervlak tot ’n blote gewoond-wees-aan-mekaar nie, maar sal die sekerheid, romantiek en vonk van die liefde dwarsdeur hulle getroude lewe voortduur. Trouens, elkeen van hulle sal saam met die skoonheid van die natuur al hoe meer die uiterlike en innerlike skoonheid in die ander een ontdek.
*Prof BJ de Klerk (Teologiese Skool)*